



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Voëllewe inspireer toe my eerste graffiti

Hoofstuk I, Deel viii

Laas week het ek vertel hoe Kamermaatjie en buurvrou besluit het om my verjaarsdagvieringe bietjie skop te gee deur genoeg omkyktwak in die peuselkoekies en groenslaai in te meng om te sorg dat daar woema by die wikkel kom.

Nodeloos om te sê, die son se opkoms het maar net beteken almal kon beter sien met wie hulle aan't dans was. Eertydse preutses en vorige suurgatte het sulke erge gedaanteverwisselings ondergaan dat mens hulle skaars kon uitken tussen die gewone guitiges en stuitiges wat ons voorhuis gevul het.

Die enigste probleem wat ek wel gehad het, was om die bittereinders te laat pad vat. Mens vergeet hoeveel ekstra stamina en energie die daggablaartjie aan party mense kan verskaf. So teen middagete het die doef-doef van my hoëtroustel se bas waarna die 'village' en hele omgewing dwarsdeur die nag moes luister, stil geraak. Slegs die mannetjie met die hamer in my kop wou nie bes gee nie. Eers teen slapenstyd het hy sy gereedskap gaan bêre.

So met die terugkyk was Lesotho net die regte manier om te begin gewoond raak om buite die landgrense te werk. Darem nie so ver dat mens nie kan gaan haal wat jy mis nie. So bietjie-bietjie op 'n slag speen en nou en dan aan die bors van ma Suid-Afrika gaan drink oor langnaweke en einde van die maand.

Ons belangstelling in voëlkyk het ook daar ontluik, want die voëllewe was geil en volop. Behalwe vir die LBJ's (Little Brown Jobs) het ons talle nuwe name op ons lewenslysie kon byvoeg. Ywerig die Roberts- en die Sasol-handleidings nageslaan om van die Drakensberg-sysies uit te ken wat hulself so eie gemaak het in ons tuine. Daar was selfs 'n nessie in die bek van een van ons tonnels.

Tot die statige lammervanger is opgesoek wanneer ons hom hoog in die berge opgemerk het. Party voëls het ek sommer my eie name gegee. Soos die selfmoordvoëltjie, 'n tipe bruin lyster wat op die pas se teerpad, skielik skuins oor die pad voor mens se motor verbygehardloop het en rakelings vermy het om platgetrap te word.

Of die kamikazekraai wat alswewende en sonder om 'n vlerk te klap met mens se kar tred gehou het as jy aan die SA kant van die Mafika-pas afgery het. So asof hulle jou wou uitdaag om vinniger te ry, om hulle te probeer wen. Dan het dit maar moeilik gegaan om jou volle aandag op die kronkeldraai van die steil pas te hou.

Dis seker ook die ryke voëllewe wat my eerste stuk rotskuns geïnspireer het. Suid-Afrika was mos in die negentigs in die oorgangsfase en die politiek het wiplank gery met ons mense se gemoedere. Die moontlike vrylating van Madiba was hewig onder bespreking. Hoop op in die pas het ek toe eendag die woorde: "Nelson ain't no seagull" met wit sproeiverf teen die swart basal kranses gespuit.

Verder af, amper heel onder, net voor jy die laaste draai vat na die vlaktes toe, het ek die slagspreuk voltooi met "He is a jailbird." As ek natuurlik toe gewees het wat ek vandag weet, sou ek nooit my eerste en enigste graffiti aangewend het nie.

Terugblik is 'n baie akkurate wetenskap, maar onthou, daardie tye was ons nie seker wat sou gebeur het as ons die oubaas vrylaat nie. **(Word vervolg)**

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Uit Toeka se Tyd



SNUITERS

Gebruiksvoorwerpe wat met vroeër dae se kerse verbind word, is dinge soos blakers, dompers en snuiters... en met hierdie soort snuiters word natuurlik nie jong kinders bedoel wat nog nat agter die ore is nie!

Die blaker was 'n houder waarin die kers staan gemaak is, terwyl die domper 'n metaaldoppie was waarmee 'n brandende kers geblus kon word. Die snuiter was op sy beurt 'n skêr met 'n bakkie daarop wat gebruik is om die pit van 'n vetkerse te knip.

Op die foto'tjie BO is 'n sierlike blaker en domper, heeltemal te swierig wil dit lyk vir enige nederige ou vetkers!

Die snuiter BO ONDER sou ook nie eintlik in 'n armoedige hartbeeshuisie tui behoort nie. Sulke voorwerpe was bes moontlik rykmansgoed.



AFRIKAANS SË DIT NET BETER!



Ek is glad nie 'n kenner van voëls nie, maar as ek moet raai, is dit vier wyfies en een mannetjie . . .

Teen die tyd wat 'n vrou besef haar ma was reg, het sy 'n dogter wat dink sy is verkeerd.

Die herkoms van ons gesegdes (36)

Rat: 'n Rat voor iemand se oë draai (iemand bedrieg)

Een moontlike herkoms is dat as 'n wiel vinnig voor iemand se oë gedraai word, hy later nie meer die speke mooi kan sien nie. 'n Ander verklaring is dat met die rad 'n gloeiende voorwerp bedoel word, soos 'n tak wat smeul, en as dit in donkerte vinnig genoeg sirkelvormig geswaai word, dit soos 'n wiel lyk – wat dit nie is nie. Die skyn bedrieg dus.

Rede: Iemand in die rede val (praat terwyl iemand anders praat)

Rede in hierdie geval is oorspronklik die Duitse woord vir onder andere "praat". Die Duitse idioom is inderdaad ...in die Rede fallen, net soos in Afrikaans.

Riem: Die rieme neerlê (weghardloop)

Volgens ouer bronne (in Nederlands die rieme binnehaal – wat waarskynlik verwys na roeispane wat in 'n boot aan die einde van 'n vaart neergelê word) beteken dit 'n saak of werk opgee, ook sterwe. Die betekenis "weghardloop" het hier ontwikkel, en verwys moontlik na iemand wat in 'n tuig was en dan losgelaat is. (Dit na aanleiding van die tuig neerlê, "ophou, werk, los wees".)

Koos se nagmerrie met die Oshkosh

Koos het 'n nare probleem gehad: depressie. Dis 'n lang storie wat Koos na sy sielkundige geneem het.

Met donker kringe onder sy oë het Koos sy storie aan die kopdokter vertel:

"Sien dokter, ek werk in die myn, ek werk die hele dag lankhard. Smiddags kom ek by die huis, eet 'n happie, was my lyf en klim in die bed. En as my kop die kussing slaan, is ek vas aan die slaap. Maar dokter, dis waar my probleem begin.

"Elke nag droom ek ek moet met 'n Oshkosh 'n hele vrag skape van Ladysmith na Cato Ridge aanry. Gevaarlike pad dokter, gevaarlike pad, en vermoeiend.

"Dan moet ek weer met die leë Oshkosh terugry na Ladysmith. Ek parkeer die vragmotor, en gaan klim in my bed. Maar die oomblik dat my kop die kussing slaan, gaan my wakker af. Dan moet ek weer myn toe."

Die kopdokter bedink toe 'n plan om Koos te help. Hy sê vir hom:

"Koos, ek gaan jou help. Jy ry nou elke nag die vrag skape aan na Cato Ridge, dan bestuur ek die leë vragmotor vir jou terug na Ladysmith. En terwyl ek ry, kan jy agter in die slaapkajuit gaan slaap."

Dit het soos 'n bom gewerk. Koos het die kringe onder sy oë verloor, en die lewe was 'n fees.

Toe gaan kuier hy by sy vriend Jan wat by Yskor in Pretoria werk.

Jan het donker kringe onder sy oë en hy lyk soos 'n uitgewringde vadoek. En Jan kla steen en been:

"Vriend Koos, ek werk my vrek in die staalfabriek. Dan kom ek smiddags tuis, eet 'n toebroodjie, gaan stort en klim in die bed. En sodra my kop die kussing slaan, is ek vas aan die slaap. Dan begin my probleme.

"Ek droom elke nag ek moet twaalf meisies onthaal. En as ek die twaalfde onthaal het, klim ek in my bed, maar as my kop die kussing slaan, gaan my wakker af. Dan moet ek terug na die staalfabriek."

Koos vertel toe vir Jan van die fantastiese sielkundige op Ladysmith. Hy bel die kopdokter, en dié bedink ook vir Jan 'n oplossing.

Jan moet net die eerste ses meisies onthaal, dan kan hy maar gaan slaap. Hy wat die kopdokter is, sal van nommer sewe af die meisies onthaal.

Die volgende oggend is Jan in die wolke. Hy vertel vir Koos:

"Man, dit het soos 'n bom gewerk. Nadat ek die ses meisies onthaal het, was dit so 'n groot verligting dat ek uit pure vreugde buitentoe gehardloop het.

"En wat sal ek sien? Voor my huis staan 'n leë Oshkosh skaaptrok."

Koos val in:

"Ag my ou maat, as die Oshkosh weer voor jou huis staan, moet jy asseblief nie 'n lawaai maak nie. Ek lê agter in sy slaapkajuit en slaap."

Die boer se gebed

Die boer baklei en gaan aan die skel met sy werkers. Sy vrou vat hom simpatiek aan die hand en lei hom kamer toe.

"Nou gaan jy op jou knieë," sê sy, "en bid daarvoor."

"Hemelse Vader", begin die boer, "Johannes het weer die ploeg gebreek.

Jonas het die koeie in die gat laat val en Andries was alweer dronk.

Vader, nou ek wil net graag weet, gaan U hulle kom haal, of moet ek hulle vir U stuur?"

Amen

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

VERSIGTIG!

Die Yorkshire-boer sien 'n man wat uit sy waterstroom drink, en skree vir hom:

"Ey up cöcker, tha dunt wanna be drinkin watta frum theer, it's full o hoss piss an' cow shite an' it could kill thee."

Die man antwoord hy is 'n Moslem van Pakistan, en vra vir die boer of hy asseblief net stadiger en duideliker sal praat.

Die boer antwoord:

"If.....you.... Use.... TwoHands..... You....Won't.... SpillAny."

Vraag: Wat is daardie bruin goed tussen die olifant se tone?
Stadige wildstropers...

AS ADAM EN EVA CHINESE WAS

sou ons nog in die Paradys gewees het want hulle sou die slang geëet het.



SIMPATIEKE VROU

Daar is 'n klop aan die deur en ek maak oop. Daar staan 'n man, netjies aangetrek en met 'n aktetas in die hand.

"Hallo, Meneer. Ek is 'n Jehova-getuie . . ."

Ek het hom ingenooi en koffie aangebied, en toe vra ek waarvoor wil hy gesels.

"Nee, fok," sê hy, "ek weet nie. Ek het nog nooit so ver gevorder nie."

STADIG!

Die Engelse egpaar en haar man sit in 'n restaurant in Oxford.

"Weet jy hoe is die slakke hier?" vra sy aan haar man.

'n Amerikaner wat naby hulle sit, hoor dit en antwoord: "Hulle is vermom as kelners."

SELFSUG

Het jy al ooit daaraan gedink dat die koffie koud sal wees teen die tyd wat dit die kameelperd se maag bereik?

Natuurlik het jy nie.
Jy dink mos net aan jouself!

IERSE TRAGEDIE

Paddy het ontdek dat sy vrou 'n affair met 'n jonger man het, en besluit hy sal 'n einde aan hul lewe saam maak. Toe hy die geweer teen sy kop druk, lag sy vir hom. "Moenie lag nie," sê Paddy. "Jy is volgende!"



Die aartsbiskop van Kantelberg en die Koninklike Kommissie vir Politieke Korrektheid het aangekondig dat daar nie meer na "Britse Weer" verwys sal word nie.

Liewer as om 'n groot deel van die land se bevolking te vervreem, sal dit nou wees: Muslim Weather - Partly Sunny, but mostly Shi-ite.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Prokureur wen sy saak, maar...

'n Prokureur in Noord-Carolina het 'n boks baie duur sigare gekoop en hulle toe teen onder meer brand verseker.

Ná 'n maand het hy al die sigare opgerook en toe 'n eis teen die versekering ingestel.

In sy eis het hy gesê die sigare het in " 'n reeks klein vuurtjies verbrand."

Die versekering het geweier om te betaal en het aangevoer dat die skade ontstaan het weens die "gewone gebruik" van die sigare.

Die prokureur het die saak verder gevoer en **GEWEN!**

In sy uitspraak het die regter met die versekeraars saamgestem dat die eis beuselagtig is.

Hy het nietemin gesê dat die prokureur 'n polis gehad het waarin aanvaar is dat die sigare versekerbaar is en waarin hulle ook teen brand verseker is – sonder om te definieer wat "onaanvaarbare brand" is. Die versekeraar moes betaal.

Eerder as om in 'n lang appèlproses te verval, het die maatskappy die uitspraak aanvaar en \$15,000 aan die versekerde betaal.

NOU VIR DIE BESTE DEEL:

Nadat die prokureur die tjek gewissel het, het die versekeraar hom in hegtenis laat neem vir brandstigting.

Met sy eie assuransië-aansoek en sy getuienis in die voorafgaande saak teen hom, is die prokureur daaraan skuldig bevind dat hy die versekerde items met opset aan die brand gestee het.

Hy is tot 24 maande tronkstraf en 'n boete van \$24,000 gevonniss.

♦ Dis 'n ware verhaal en het die eerste prys gewen in 'n regs-kompetisie.

Hoe kan 'n man wat 'n bok op 200 m kan raakskiet aanhou om die toilet te mis?



Tiger en die pompjoggie

Tiger Woods was op 'n gholf-toer toe hy in die Ierse platteland met sy Mercedes by 'n vulstasie intrek.

Die pompjoggie, wat niks van die spel weet nie, groet hom vriendelik.

Woods knik 'n "hallo" en buk vorentoe om die kar se petrolklap te ontsluit. Terwyl hy dit doen, val twee gholfpennetjies uit sy sak.

"Wat is daai?" vra die petroljoggie.

"Mens noem hulle pennetjies," sê Woods.

"En wat op aarde doen jy met hulle?"

"Ek sit my balle op hulle wanneer ek dryf."

Die petroljoggie het sy kop in skone ongeloof geskud, en sê toe:

"Jinne, maar Mercedes dink ook aan alles!"

DIE BLONDINE SE GROENTETUIN

Buurman vra aan sy blonde buurvrou wat sy elke dag so lank in die groentetuin doen in haar kamerjapon.

Sy antwoord: "Ek flash vir die tamaties dat hulle kan rooi word."

Buurman: "Enige sukses?"

Blondine: "Nee, maar die komkommers groei buite beheer!"

Duskantlander in Anderkantland



Jy weet jy is in Ghana as . . .

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

- ⊙ Jy amper daaglik huwelik aanbiedings kry van sakkiepakkers, taxidrywers of skoonmakers. As jy reeds getroud is, verneem hulle heel ernstig na jou suster.
- ⊙ Na 'n paar dae verbeel jy jou naam is "Obruni" want almal roep dit spontaan uit wanneer hulle jou sien.
- ⊙ Almal loop so hop-hop in die straat af, sodat hulle nie per ongeluk in die oop dreine en dreingate val nie.
- ⊙ Kerk-se-dinge trom en gil en skree somer maklik deurnag. Soseer dat jou vensters vibreer, want hier is geen klankgrensliemete nie.
- ⊙ Homoseksualiteit word geag as iets onatuurliks of duiwels, maar oral loop seuns op straat hand-aan-hand, of meisies hou hande vas aan die etenstafel.
- ⊙ Ghana-ouers slaat hulle stout kinders plathand oor die kop in publiek, en dan klap hulle woerts-warts enige verdere getjankery uit hulle.
- ⊙ Laataand roep jy jou rondloper huiskat want jy is heimlik bekommerd sy is vannaand iemand se aandete.
- ⊙ Mense komplimenteer jou dat jy uiteindelik mooi vet word en wel eendag 'n 'groot' vrou/man kan word.
- ⊙ Jy 'n geleerde mikrobioloog ontmoet wat 'n regte BSc-grad of twee het, maar wat glo dat die vorm van iemand se kop ook sy intelligensie weerspieël en vas glo in heksery en toordery.
- ⊙ Jy aanvaar dit as normaal dat werkers in die werksplek slaap en kliphard in die stoorkamertjie aanbid en kliphard kerkliedere sing.
- ⊙ Elke Ghanees wat jy ken het 'n broer, suster, oom of tannie wat tans in Amerika of Europa studeer of woon, en hulle gaan eendag ook daar gaan woon.
- ⊙ Huurders betaal hulle huishuur in Amerikaanse dollar vir 'n minimum twee jaar vooruit.
- ⊙ Maandeliks ontvang jy 'n waterrekening en daar's geen water wat vloei in die pype nie. Dit koop jy aan en word aangery met tenkwaens.
- ⊙ Sodra die tropiese reënstorms inwaai, stuur jy skiedgebedjies op sodat daar nie kragonderbrekings kom nie.
- ⊙ Ambulanse hierso ry net lyke rond; om by die hospitaal uit te kom, is 'n taxi die vinnigste manier. Taxi's kan ry sonder deure of skokbrekers of windskerms, maar nie sonder remme of toeters nie.
- ⊙ Daar word tydens 'n begrafnis, kerkdien, vergadering of doktersondersoek selfone geantwoord.
- ⊙ Jy sweet deumag meer as wanneer jy oefen.
- ⊙ Pynappels se kleur is wit en lemoene is grasgroen, maar heerlik soet.
- ⊙ Taxibestuurders klouter na tien minute uit en vra die rigting van jou bestemming van omstanders, nadat jy verseker is hy weet presies waarheen jy oppad is.
- ⊙ 'n Verdagte is skuldig totdat hy self sy onskuld kan bewys.
- ⊙ Dis heeltemal aanvaarbaar om soos 'n wafferse slang te 'hisssss' om iemand soos 'n keherin of taxidrywer se aandag te trek.
- ⊙ Na kennismaking vra mense reguit of jy 'n Christen is, en nooi jou (en jou beursie) na hulle kerk toe.
- ⊙ 'n Vyfjarige kind in die 'village' klouter 'n dertig meter palmboom onder drie minute uit en klap 'n paar kokosvrugte af vir die besoekers om te drink.
- ⊙ Brandweerdienste dra vaalbruin univorms en hulle besef die watertenkwaens is droog sodra hulle by die brand arriveer. Nie een van hulle lere kan hoër as vier verdiepings nie.
- ⊙ Polisie kavalkades jaag elke halfuur verby, maar dis beskore vir huweliksgaste en ryk sakemanne. (teen 'n skaflike footjie).
- ⊙ Die dagkoerant se hoofopskrif het 'n spelfout in.
- ⊙ 'n Bestuurder kan in trurat teen die verkeer op die snelweg ry.
- ⊙ Padlans is daar enorme advertensieborde vir alkoholvrye wyn en kerkdienste met opskrifte soos "Feverish Erection Service".
- ⊙ Daa'rs meer as een duisend konings, prinse en prinsesse. Elkeen ken een of meer persoonlik.
- ⊙ Mense karring aan en kerm soos drupkrane, maar ons lief om hier in die vreemde te bly.

Stamboom

Help ons familiesoekers

BLACK evelynvivi@qmail.com

Soek na familie van my pa, William Ferdinand Black. Sy pa was Frank Charles Black. Hy het 2 broers gehad, Ebony en George Black.

DAFFUE wilnaswart@vodamail.co.za

Anna Magrietha van der Westhuizen getroud met Willem Daffue. Oorlede gedurende 1943-1944 en hy moontlik gedurende 1946-1947 in Klerksdorp-Wolmaransstad-Bloemhof omgewing gewoon.

GROVÉ c.grove@telkomsa.net

Addisioneel: Ek het n boek oor die Grové's kontak my vir verdere inligting (gratis)

KNOETZE matjiesfontein@hantam.co.za

Ek soek inligting oor my oupagrootjie, Casparus Wilhelm Knoetze, 1845. Hy was getroud met Susanna Elizabeth Sophia Mare. Hulle was in die Oos-Kaap, Alexandria. Ek het hulle kinders opgepoor, maar is op soek na hul sterfkennisse of doodsertifikate. Ek vermoed hulle is dalk op 'n plaas begrawe, het nog Duits gepraat, verder was die voertaal Engels. Is daar skakels wat jou na die navorsing kan neem. My Oupa Gert Johannes Knoetze 1874, was my oupa. Moeg gesoek.

KOEKEMOER wilkuxwk@gmail.com

Willem Koekemoer gebore 2 Nov 1984. Vader Joel Koekemoer, gebore 15 Desember 1961 te Barberton. Vader Willem Adriaan Christiaan Koekemoer, gebore om en by 1935. Vader Matthys Koekemoer. Vader Abraham Koekemoer.

VAN ASWEGEN Frank.w@telkomsa.net

Ek is op soek na Van Aswegen-familiewapen.

(Google www.thetreemaker.com)

WILKEN madelizewilken@webmail.co.za

Ek is op soek na al my ooms, tannies, niggies, en neefs. Ek is gebore in Walvisbaai in 1978. My ma is Susanna Martha Lintvelt en my pa is Leon Victor Wilken.

Kosbare hoed

'n Bejaarde tante het by die reling van 'n plesierboot gestaan en haar hoed met albei hande styf vasgehou sodat dit nie wegwaai nie.



'n Man het nader gestap en gesê: "Verskoon tog, dame. Ek wil nie voor op die wa wees nie, maar weet jy dat die wind jou rok opwaai?"

"Ja," het sy geantwoord. "Maar ek het albei hande nodig om my hoed vas te hou."

"Maar dame, jy weet seker dat jy nie 'n broekie dra nie en dat jou privaatdele blootgestel is!"

Die tante het af gekyk, na die man gedraai en geantwoord:

"Meneer, alles wat jy daar onder sien is 75 jaar oud. Ek het hierdie hoed eers gister gekoop."

DIE UITVERKOPING

'n Klomp kopers staan tou voor 'n winkel waar 'n groot uitverkoop aan die gang is. Die mense in die tou druk en skuur. Een vrou sê vir die man agter haar:

"Ag, Meneer, wil jy nie net agtertoe beweeg nie? Ons skuur teen mekaar, en dis 'n groot verleentheid."

Hy antwoord: "Dame, dit wat jy teen jou lyf voel, is maar net my beurs en my maand se salaris!" Sy sê: "Dis wat ek bedoel; die afgelope tien minute het jy al vier verhogings gehad!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“ Die arme fietsie se skokbrekers lê halfpad verby hul optopvlak en al is die bande 104.7 bar gepomp, lyk hulle steeds pap.

Deur **PIETER**

En Saterdag vlieg 'n klomp malletjies op TV weg op die Cape Epic. So tussen my springmielies en brannas wonder ek of ek nie ook maar moet fiks word nie, want daar is 'n paar moerse mooi boudjies op daai baaisieks. Maar ek is so onfiks, ek kry miltsteek as ek toilet toe loop. Ek het mos hoeka vir die kinders elkeen 'n ghrend baaisiekel op rekening gekoop nogal en nou ry ek hulle met die kar skool toe en daai helse duur martelpype staan en oproes in die garage.

Nou kyk ek waar op die ding is die rakkie vir toebies en padkos, maar die simpel ding het net so draadrakke vir water. Water en wat? Daar sal nooit 'n bottel J&B inpas nie!

Ek moes seker gekyk het vir een of ander weegbeperking, want as ek 'n 3-liter Toyotabakkie op sy knieë trek as ek inklim, gaan iets sy gat sien op die ou draadraampie.

Die kinders het loop dekking soek onder die verste bed in die huis met een of ander teken wat sê "Ek ken nie daai ou nie...".

Het julle geweet Spandex-broeke het ook 'n reklimiet? Dis soos om daai maer vroultjie van *7de Laan*, Hilda, se superklein bloemer om 'n blou walvis se gat te probeer trek. Jou aambeie skuif tot onner jou oksels.

Dank Vader die pienk fiets se ketting lyk van die roes soos iets wat mens in Richardsbaai se hawe vergeet het. Ek het een van die kinders se helms geleen en hulle kon darem uit ordentlikheid vir my gesê het dis 'n skaatsplank se helm.

Nou onthou, ek het bas fiets gery toe 'n Chopper nog 'n professionele resiesfiets was. Ek beklim die stukkie draadrank terwyl ek aan die prieël vashou om nie om te donner nie. So met die been oorgooi gee die Spandex op en *flash* ek my vrou in die kombuis wat die toneel gade slaan en ek hoor net koppies val in die wasbak.

Nou moet ek my gewone LO-broek dra, maar die saal is vir iemand gemaak met minder boude as myne en so met die sitslag verdwyn daai saal met my nuwe onnerbroek en die helfte van die LO-broek die donker onnoembare in en ek verstaan skielik wat 'n *wedgie from hell* is. Dis finkenol teen wat ek nou beleef!

Die arme fietsie se skokbrekers lê halfpad verby hul optopvlak en al is die bande 104.7 bar gepomp, lyk hulle steeds pap. Maar vandag word ons fiks!

Nou die wat die plek ken waar ek woon, weet van die enigste koppie in die omtrek net agter die huis. Nou as ek hom nou kan uittrap en terugkom, sal ek in 'n kort rukkie fiks wees, reken ek. Die munisipaliteit se lorries kom nie eers daar uit nie en na 'n ongoddelike strawwe, bloedsweetende, asembenewede eerste 12 meter vang ek *lift* met 'n bakkie op tot bo. Afkom lyk makliker...

Nou dié wat nie fietsry ken nie, weet seker nie dat die voorbriek nie goed werk op 'n afdraand nie. Newwermaaind. met my skaatsplankhelm, LO-broek driekwart op in my onnoemlike, vellies en rugbykouse bespring ek daai martelpyp bo-op die koppie ten aanskoue van 'n ander gesinnetjie Cape Epic *wannabe's*. Die ma druk sommer die dogtertjie se oë toe, want ek het later by die ambulansman gehoor ek het goed gewys wat sy nie mag sien nie.

Toe die predikant my vanoggend kom besoek het, wou hy weet of ek so in die afkom dalk 'n bees in volle vaart met een of ander geel ding in sy alie daar sien afkom het. So op sy droë manier kan hy ok maar 'n drel wees.

Te hel met fiks word. Boude is mooier op TV en my gips kom in elk geval eers oor vier weke af.

**Volgende uitgawe op
6 OKTOBER**